

# 341 O Heilig Gees van God




Geen mens kan waarlik sê dat Jesus Here is;
slegs U kan in die harte lê, geloof wat dit beslis.
Slegs dan begryp ons, Heer, u heilsplan en gebod,
en U's die Een wat kan verleen, ons hemelsbrood, o God.

> O, dat die ganse aard' die Offerlam mag ken!
> Gees van geloof, spreek dringend, sterk, om harte te kan wen.
> Genade vir elkeen wat waarlik roep in nood,
> maar U's die Een wat kan verleen, die breking van die brood.

'n Heilsfontein, o Heer, ontspring dan in elk hart,
en lewend water vloei al meer wat laaf en troos in smart;
ook skenk u gees aan ons oorwinnend sterk geloof.
U voer ons tot die eindtriomf, die kroon vir Koningshoof.

Onbekend — G. J. Elwey (1816-1893)